

10 April

Gered: om te dien

Skrifgedeelte: Lukas 22:24-30

Fokusgedeelte: Lukas 22:28

Net soos daar materiële versoekinge is soos rykdom of status, so is daar geestelike versoekinge. Die versoeking om te dink: Maar ek verdien darem God se genade! Jy hoor iemand sê: Ek verdien darem nie hierdie swaar nie ... of, ek verdien darem beter as dit! Dikwels hoor jy iemand sê: Waarom moet dit juis met my gebeur ... wat het ek gedoen dat ek hierdie swaar verdien?

Die sg. voorspoedsgodsdiens propageer dat as jou geloof reg is, en jy doen weldade, dan sal jy voorspoedig wees! Dan sal jou wense vervul en jou versoeke toegestaan word.

Maar is dit waarom geloof gaan? Jesus se dissipels het so gereken! Hulle het gewedywer om die belangrikste te wees. *Hulle het gestry wie die meeste eer verdien.* Maar Jesus se teregwysing aan hulle bewys die ware karakter van sy koninkryk. Sy koninkryk wil nie mense vereer en in rangordes van belangrikheid opstel soos op aarde nie. Hyself, tog die belangrikste van almal, het *gekóm om te dien!* God se koninkryk vra dus 'n ander vraag: Nie hoe belangrik jy is nie, maar hoe diensbaar jy aan God is. Daarin moet jou diepste behae en vreugde lê: Om ander te dien, en om minder te word sodat Christus meer kan word! Hoor maar hoe groot was Jesus se waardering vir die dissipels wat Hom deurgaans bygestaan het!

Is dit jou grootste vreugde? Om in alle omstandighede, goed en sleg, voorspoed en teëspoed, aan God diensbaar te wees? Dan verdien jy niks. Dan is alles genade!

Sing: Skrifberyming 15:2 (SB 16-1:2)

Ds. Christo van Vuuren (Die Moot)